# 487. WEES NIE BESORG NIE OOR JUL LEWE
# (Matt 6)

```
        Em             D        C        B7
1.      Wees nie besorg nie oor jul lewe,
        G            B       Am          Em
        oor wat die harte neerwaarts trek.
        Em             D          C           B7
        Wat sal ons eet, waar vind ons laaf'nis?
        G              B           Am         Em
        Wie skaf die kleed wat ons moet dek?
                    G          Am       G
        Is lewe~en liggaam dan nie meer
        Em       B         Am       Em
        as alles wat net kommer wek?

        Em             D          C        B7
2.      Aanskou die voëltjies van die hemel,
        G            B       Am         Em
        dat hul nie saai of maai of swoeg.
        Em             D       C       B7
        Tog voed die Hemelvader hulle.
        G           B        Am    Em
        Het Hy vir jul dan nie genoeg?
                  G    Am      G
        Wie kan, al is hy hoe besorg,
        Em           B       Am       Em
        een el maar by sy leeftyd voeg?

        Em           D      C        B7
3.      Waarom is jul besorg oor kleding?
        G            B     Am      Em
        Let op die lelies, hoe hul leef,
        Em         D         C         B7
        hoedat hul opbloei uit die velde,
        G              B         Am      Em
        dat hul nie swoeg of spin of weef.
                    G      Am    G
        Selfs Salomo in glorie groot,
        Em             B         Am       Em
        was nie met soveel skoons omgeef.
```